

3 Augustus

Die vreugde van gebedsverhoring

Skrifgedeelte: Eksodus 1:8-22
Fokusgedeelte: Eksodus 2:23-25

Die laaste gedeelte van die Israeliete se ongeveer 400 jaar verblyf in Egipte was amper onuithoudelik swaar. Die Here het hulle geseën sodat hulle 'n groot en talryke volk geword het. Maar juis hierdie seën het, menslik gesproke, ook hulle straf geword.

Die Egiptenaars het besef dat die Israeliete meer geword het as hulle, en allerlei maatreëls getref om hierdie situasie om te draai. Harder werk, nogmaals harder werk, hulle eie boumateriaal bymekaarmaak, en uiteindelik ook die verskriklike dat hulle seuntjies by geboorte in die Nylrivier gegooi moes word.

Die enigste vreugde hier is dat die Here gehoorsaamheid seën, en aan die Hebreeuse vroedvroue “weldadigheid” bewys het (OAV), en aan hulle huisgesinne gegee het. (Die vroedvroue was dikwels die vroue wat nie self kinders kon kry nie.)

Wat maak jy as jy beproef word met onreg, selfs bedreig word met uitwissing? Die Israeliete kon dalk maklik staak, of selfs opstandig word, of ook handgemeen raak. Heel waarskynlik sou hulle, as gevolg van die getalle-oorwig en ook die feit dat hulle baie fiks en sterk moes wees van al die harde werk, sterker wees as die Egiptenare, en sou hulle hulself van die slawerny kon bevry. Presies waarom hulle dit nie gedoen het nie, weet ons nie.

Maar die Here weet. Hy wou die grootsheid en absolute noodsaaklikheid van verlossing uit die verlamme slawerny van die sonde baie duidelik hiermee aan sy uitverkore kinders tuisbring. Israel beleef egter die hier en nou van verontregting, uitbuiting en moord, en – *hulle roep na die Here*. Hulle roep onophoudelik om *hulp*, om *uitkoms*, om *verlossing*.

Hulle roep, soos ons ook vanuit sondebeseft en absolute hulpeloosheid roep na *hulp*, *vergewing* en die *sekerheid van verlossing*.

En – *die Here hoor!*

die Here sien!

die Here neem ter harte!

O, die vreugde van gebedsverhoring! Daarom hou ons nie op om te bid nie, en hou ons ook nie op om te dank nie!

Jesus het gekom om ons verlossing te bewerk – bid sonder ophou dat Hy gou weer sal kom om ons die ewige Kanaän in te lei!

Sing: Psalm 107:1 (Totius)

Ds. Lourens du Plessis (Delmas)